

mosaïek

# BEDIENINGSVERSLAG


www.mosaiek.com

***…want ons is God se handewerk. Hy het ons in ons eenheidsband met Christus Jesus só gemaak dat ons die goeie werke wat Hy vir ons bestem het, kan uitlewe.*** **Efesiërs 2:10**

Jare gelede het die frase "die kuns van die lewe" 'n verbeelding van die lewe met Hom in ons wakker gemaak. Hierdie kuns word beoefen in die drie grootste verhoudings wat ons lewe bepaal. Paulus skryf aan die gemeente in Efese en nooi hulle op 'n reis in verhouding:

- **met Hom -** *die Een wat ons gemaak het* (dieper);
- **met mekaar -** *in die eenheidsband van liefde deur Christus* (nader);
- **met ons wêreld -** *sodat ons ons kan toewy aan die goeie werke wat Hy vir ons het* (verder).

In die Mosaïek-familie gaan ons saam op hierdie reis:




**1. Mosaïek –** die Afrikaanse Gemeente wat tans ons basis van alle gebeure in die familie is. Ons ontmoet elkeen waar hul is met geleenthede uniek tot elke persoon op die reis.
**2. Origins –** wat ons retreat spasie is. In hierdie jaar wat verby is het daar 1500 mense op retreat gegaan en al hoe meer mense buite die Mosaïek-familie stel belang. Ons droom om in die toekoms mense te ontmoet waar hulle is en verskillende retreatbelewenisse te bied vir die fases van ons reis.



**3. eMosaïek –** ons aanlyn teenwoordigheid wat veral twee groepe mense bedien: Eerstens, die *digital natives* – mense wat nooit by die gemeente sal kom nie, maar wel dit wat aanlyn is aanvaar as hulle hoof voeding. Tweedens, die *hybrids* – mense wat dikwels in die gemeente kom, maar in wie se lewe die aanlyn inhoud ook ‘n groot invloed het. Daar is groepe wat aanlyn bymekaar kom, interaktiewe leerervarings, asook dienste op sekere tye. Op die oomblik het ons vir KykNet wat beteken dat ons ‘n baie groot groep mense aanlyn bedien – ongeveer 60 000 mense op ‘n Sondag, en 40 000 per dag met oordenkings. Ons droom om geleenthede te koordineer waar hierdie gemeente ook in-persoon konneksie kan beleef.

**4. Mosaic –** As lid van die familie sal Mosaic in dieselfde etos en filosofie deel as die res van familie. Die span word gebou met Tarine de Ridder voltyds op die leierskapspan en Jose Crosson met ‘n primere fokus op aanbidding en diensbelewenisse. Ons vertrou die Here vir nog ‘n leier op hierdie span, asook ‘n leier wat fokus op die jeugbediening.

Om dit reg te kry gaan ons ons toewy tot die goeie werke waarvoor Hy ons roep. Miskien word jy beweeg om jouself toe te wy aan Sy goeie werke – om van jou tyd en energie te gee om die Koninkryk van God hier saam met die Mosaiek-familie te bou. Bid daaroor – dit kan een van die grootste groei-ervarings in jou lewe wees.



# DIEPER

As nuwe lede van ***Mosaiek Gemeente*** het ons ons geestelike tuiste gevind—alhoewel dit nie sonder 'n paar ompaaie was nie! Toe ons die eerste keer by ***Mosaiek se kampus*** instap, was ons senuweeagtig, maar dit het net 'n paar minute geneem om te voel asof ons in 'n warm, verwelkomende drukkie vasgeloop het. Die diens vloei op so 'n kalm manier en die boodskap word elke keer op 'n vars manier oorgedra. Dit is interessant, boeiend en plat op die aarde, wat ons help om die op en af van die lewe te navigeer terwyl ons ons wandel met God verdiep.

Wat regtig vir ons die knoop deurgehak het, was die gevoel wat ons hier ervaar dat ons behoort. Almal hier is opreg en vriendelik. Binne 'n maand is ons na 'n nuwelidmaatgesprek genooi en het ons by 'n Lewensgroep aangesluit, waar ons nie net nuwe vriende gevind het nie, maar ook 4-uur-in-die-oggend-noodkontaknommers. ***Mosaiek*** is alles waarna ons gesoek het.

**Ons geniet elke oomblik hier!**

*- Rosanna & Rui*



TOTAAL IN-PERSOON
**79 865**

**121 720**
TOTAAL AANLYN

TOTAAL ENGELS
**44 726**

**156 859**
TOTAAL AFRIKAANS

**700 033**
AANLYN

**FORMASIEREIS**




IN-PERSOON
**64 728**

**92 131**
AANLYN

**AFRIKAANSE DIENSTE**

**ENGELSE DIENSTE**

IN-PERSOON
**15 137**

**29 589**
AANLYN

**ORIGINS**

RETREATS
**129**

**1546**
RETREAT-GANGERS

DIE BOODSKAP VIR JOU LEWENSREIS
**10 224 240**

DIE BOODSKAP SONDAGDIENSTE
**2 267 200**
**KYKNET**

**PRAXIS**
**4517**
IN-PERSOON

**2013**
AANLYN



**ENCOUNTER**
**3335**
IN-PERSOON

**ANTIOCH**
IN PERSOON
**1536**

**231**
AANLYN

**MEZO - TIENERS**
IN-PERSOON
**3962**

**MKIDZ - KINDERS**
**7774**
IN-PERSOON

**MIDWAY**
**1553**
IN-PERSOON

**MAESTROS**
**1608**
IN-PERSOON



# NADER

Sewe jaar gelede het ek besluit om by die kinderbediening aan te sluit om iets terug te gee en tyd saam met my dogter deur te bring terwyl sy groei in haar geloofsreis. Aanvanklik het dit gegaan oor die vermaak van die kleintjies tydens die diens en speletjies speel terwyl die saad van geloof in hul harte geplant word. Min het ek geweet dat dit soveel meer sou word. Soos die jare verbygegaan het en my dogter groot geword het, het my rol as medewerker ook gegroei. Van om 'n helper te wees, het ek oorgestap na die rol van 'n aanbieder, waar ek die kinders lei en onderrig, en sien hoe hulle groei in hul verhouding met God. Om nie net my dogter te sien deelneem nie, maar aktief bid en aanbid, is 'n vreugde wat ek nie met woorde kan beskryf nie. Deur hierdie reis het ek soveel geleer oor my eie geloof. Om die wêreld deur die oë van kinders te sien maak jou nederig- dit verhelder jou uitkyk. Hulle suiwer, ongefilterde perspektief op geloof het my dikwels laat nadink oor my eie reis met God.

Wat begin het as 'n manier om tyd saam met my dogter deur te bring en 'n bydrae tot die gemeenskap te maak, het in 'n diep persoonlike groeiproses verander. Wat hierdie ervaring werklik spesiaal maak, is die gevoel van gemeenskap. Mosaïek is nie net 'n plek waar mens op 'n Sondag opdaag nie; dit is 'n ondersteunende, liefdevolle familie wat mekaar dra. Ek het wonderlike mense ontmoet wat vriende geword het, al saam gelag, en troos gevind in tye van swaarkry.

Om deel te wees van hierdie gemeenskap het my lewe en my dogter s'n op maniere verryk wat ek nooit sou kon dink toe ons hierdie reis begin het nie. Ek is dankbaar vir elke oomblik, elke les en elke geleentheid om te dien en te groei. Dit was 'n pad gevul met vreugde, liefde en geloof.
**Ek sal dit vir niks verruil nie.**

*- Shande*





## MEDEWERKERS

PERSONE
**1126**

**27**
MEDEWERKERS-GROEPE

PERSONE
**38**

**4**
ONDER-STEUNINGS-GROEPE

**28**
PERSONE

PRAXIS GROEPE
**5**

## GROEPE

**205**
PERSONE

LEWENSGROEPE
**44**

**382**
PERSONE

BELANGEGROEPE
**9**

## LEWENS-GROEPE

**40**
AFRIKAANSE LEWENS-GROEPE

**348**
PERSONE

**4**
ENGELSE LEWENS-GROEPE

**34**
PERSONE

## LEERERVARINGS

**195**
REGISTRASIES/ BYWONING

SELF-BEGELEIDE LEERERVARINGS AANGEBIED
**4**

AANLYN INTERAKTIEWE LEERGELEENTHEDE AANGEBIED
**8**

**289**
REGISTRASIES/ BYWONING

IN-PERSOON INTERAKTIEWE LEER-GELEENTHEDE AANGEBIED
**11**

**173**
REGISTRASIES/ BYWONING

Die Praxis-groep is bietjie van 'n oase vir my. Dit voel soos wanneer mens op 'n staproete is en jy het nou 'n groot opdraande geklim en jy kom by 'n uitkykpunt en jy stop vir 'n oomblik om met verwondering na die landskap te kyk en dit in te neem.

Wat nogal vreemd is, is dat dit nie soos 'n groep voel wat 'n verpligting is nie. Dit val so natuurlik by my weeklikse ritme in. As mens daaraan dink, is ons eintlik net 'n groep mense wat saam commit om 'n sekere tyd saam stil te word by die Here - so ons draai eintlik saam in die stilte na Hom toe.

En om dit saam met ander mense te doen bring net 'n soort diepte aan daardie ervaring wat ek nie op my eie sou hê nie. Ek dink dit maak my ook meer getrou om by die ritme van daaglikse gebed te bly in plaas daarvan om besig en verstrengel te raak in my allerdaagse dinge.

- Stanley

Praxis Groepe



# Pastoraal
(Wholeness)

## E-POS GEBEDSVERSOEKE
345

## GESPREKKE OOR JOU GEES
TOTAAL **1787**

**579** PASTORAAL

KYKNET GEBEDSLYN **142**

**440** GEESTELIKE BEGELEIDING

**281** WEEK VAN BEGELEIDE GEBED

## GESPREKKE OOR JOU SIEL
**300** POTENTIAL COACHING

VERHOUDINGS-TERAPIE **202**

**2731** TOTAAL

TERAPEUTIESE DIENSTE **2229**

## GESPREKKE OOR JOU LIGGAAM
TOTAAL **2104**

**1596** ARBEIDS-TERAPIE

DIEETKUNDE **508**



# VERDER

Toe ons jare terug besluit het om Mosaïek te bou en hierdie gemeenskap tot stand gekom het, was die woorde van Galasiërs 2 'n anker: "Never forget the poor." Ons fokus is om kos aan kinders en aan bejaardes te gee. Ons doelwit is om ongeveer 20 000 etes per dag te voorsien en in 2024 het ons ongeveer 4.2 miljoen etes aan behoeftiges voorsien.

Een van die spasies waar ons 'n direkte impak op die gemeenskap het is Emthonjeni, in Zandspruit. Joyce, een van die bejaardes wat by verskeie projekte by Emthonjeni betrokke is, deel graag iets van haar storie.

> Hi, my name is Joyce. I'm 58 years old. I've been living here in Zandspruit from 1999. I look after my sister's child.
>
> We're living in a difficult situation. We're suffering because my sister's child is a CP (Cerebral Palsy). She can't walk, she can't do anything. I'm taking her to the hospital. I put her on my back because there's no road. We're even struggling with the wheelchair.
>
> It's how we live. I love her so much; we're supposed to love our children like this. The nice thing is, we also get love from Emthonjeni. They call us, we have meetings there. We share the problems and the struggles we have.
>
> **I'm so grateful for these projects and all the support .**
>
> \- *Joyce*





# EXPRESSING HOPE



F.A.C.T MAALTYE VOORSIEN *(ONGEVEER)*
**4 200 000**

**21**
F.A.C.T KOMBUISE WAT ETES VOORSIEN AAN BEHOEFTIGE GEMEENSKAPPE

**21 800**
ETES WORD DAAGLIKS VOORSIEN *(ONGEVEER)*

**830**
**EXPRESSING HOPE CARE BOXES WORD TYDENS DIE KERSSEISOEN UITGEDEEL**


TOTALE MISSIO MEDEWERKERS
**1118**

MISSIO UNIEKE MEDEWERKERS
**689**

**43**
MISSIO DIENGELEENTHEDE

NUWE UNIEKE MEDEWERKERS
**532**

**1963**
GESAMENTLIKE URE BEDIEN



# MISSIONAL EXPRESSION

***Tesame met die miljoene etes wat jaarliks gegee word, vat ons ook hande met verskeie vennote om nuwe gemeentes in informele woongebiede te plant, asook in die opleiding en ontwikkeling van leiers.***

***Kola, van Judeah Harvest deel hoekom leierskapsontwikkelingso belangrik is:***

> 'n Groot deel van die pad wat ons met gemeentes stap is opleiding om hulle te help om die gemeenskap te bedien en uit te reik na die gemeenskap. En dit kan byvoorbeeld wees met 'n koskombuis, dit kan wees met entrepreneursopleiding, dit kan wees met kinderkerk aanbiedings met 'n kleuterskool. Dit gaan nie net oor die gebou nie, maar om gemeentes te bemagtig om hulle gemeenskap te bedien.

***Een so gemeente is "Our God is Love" church*** wat in 2024 in Fleurhof opgerig is. Pastor Norman Mere, wat die gemeente begin het som die impak van die nuwe kerkgebou so op:

"This church is going to uplift the community's spirit a lot. Crime in Soweto is bad and because of poverty, these people, some of them are so hopeless. This church has brought hope unto us and now they will have hope in God."

***Saam met Judea Harvest en vennote, kon ons die volgende geleenthede moontlik maak:***

**ONTWIKKELINGSPROGRAMME**
**1 118 884**

**NUWE GEMEENTES IN INFORMELE NEDERSETTINGS**
**6216**

HUISKERKE
**5768**

TENTKERKE
**205**


**243**
GEMEENSKAPS-KERKE


**20** **KERKGEBOUE OPGERIG**



# Finansies

## BEDRYFSINKOMSTE




## TOEDELING VAN UITGAWES

- MISSIONEEL **31%**
- BEDIENING **41%**
- BEDRYFSKOSTES **18%**
- ONDERSTEUNINGSKOSTES **10%**

## TIENDES




**Gemiddelde maandelikse tiende-bydrae** per transaksie

**Aantal gemiddelde tiende-transaksies** per maand





mosaïek

011 268 4700 • info@mosaiek.com • Daniellestraat 1, Fairland Johannesburg

www.mosaiek.com